



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2024

10711

REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 1)

REKENINGKUNDE V1

TYD: 2 uur



PUNTE: 150

10711A

10 bladsye + 1 formuleblad en 'n 10-bladsy-antwoordboek

X05



More Recourses



[Testpapers.co.za](https://testpapers.co.za)

[Exam Papers](#) / [Study Guides](#) / [Summaries](#) / [Tutoring](#)



[TestpapersPro.co.za](https://testpaperspro.co.za)

[Study Notes](#) / [Quizzes](#) / [Flashcards](#) / [Exam Questions](#)

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Indien jy dit verkies, kan jy die formuleblad wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van die formuleblad is NIE verpligtend NIE.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Maatskappy Finansiële State	55	45
2	Kontantvloeistaat en Finansiële aanwysers	40	30
3	Vertolking van Finansiële State	40	30
4	Korporatiewe Bestuur	15	15
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE

(55 punte; 45 minute)

MNISI BEPERK

Inligting rakende die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2024 word aan jou verskaf.

OPDRAG:

1.1 Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024. (22)

1.2 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op 29 Februarie 2024. (33)

LET WEL: Sommige bedrae is reeds in die ANTWOORDBOEK aangeteken.

INLIGTING:

A. Saldo's en Totale op 29 Februarie 2024:

	R	R
Gewone Aandelekapitaal	?	?
Behoue inkomste	1 038 480	?
Vaste deposito: MRJ Bank	?	0
Lening: Hlubi Bank	1 624 000	?
Debiteurekontrole	480 390	
Voorsiening vir oninbare skulde	?	24 000
Handelsvoorraad	982 400	
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belastingbetalings)	1 812 730	
Bank (gunstig)	?	
Krediteurekontrole	1 024 565	
Verkope	20 035 000	
Koste van verkope	11 409 700	
Direkteursfooie	1 307 840	
Huurinkomste	258 300	
Ouditfooie	69 720	
Kommissie inkomste	?	
Skryfbehoeftes	68 300	
Dividende op gewone aandele	260 000	

B. Aansuiwerings en addisionele inligting:

- (i) Kommissie inkomste vir die jaar is ten volle ontvang teen 'n koers van 4% van die totale verkope inkomste.
- (ii) Slegs twee derdes (2/3) van die ouditfooie is betaal. Die balans sal in Maart 2024 vereffen word.
- (iii) Die verhoging van die voorsiening vir oninbare skulde van R6 500, is nog nie aangeteken nie.
- (iv) Elektroniese toerusting is aan die plaaslike kinderhuis geskenk. Bruto wins van R22 400 is verbeur indien hierdie voorraad verkoop sou word. Die winspersentasie op hierdie goedere is 35% op kosprys. Die boekhouer het nog nie die transaksie aangeteken nie.
- (v) Die fisiese voorraad opname op 29 Februarie 2024 toon die volgende:
 - Handelsvoorraad R923 200
 - Skryfbehoeftes deur die jaar gebruik R58 520
- (vi) Die huur is met R2 700 verhoog op 1 Julie 2023. Huur is vir een maand vooruit ontvang.
- (vii) Die direkteursfooie sluit 'n bedrag van R385 520 in, wat die helfte van die jaarlikse fooie van mnr. Jabu, die enigste direkteur aan die begin van die finansiële jaar, is. 'n Addisionele direkteur is op 1 September 2023, teen dieselfde fooi as mnr. Jabu, aangestel. Direkteursfooie is met 8% verhoog op 1 Mei 2023 en beide direkteure het hul fooie vir Maart 2024 ontvang.
- (viii) Die onderneming het nie in vorige jare finansiële beleggings gehad nie. Op 1 Mei 2023 het hulle in 'n vaste deposito teen 9% p.j. belê. Die rente word nie gekapitaliseer nie, en is korrek bereken.
- (ix) 'n Krediteur se debietsaldo van R3 200 moet van haar Krediteure-grootboekrekening na haar rekening in die Debiteuregrootboek oorgedra word.
- (x) **Lening: Hlubi Bank**
 - Alle transaksies ten opsigte van die lening is aangeteken.
 - Rente op lening word gekapitaliseer.
 - 'n Vaste maandelikse paalement (insluitende rente) is ten volle betaal. Die terugbetalings insluitende rente beloop R402 000 vir die jaar.

LET WEL: Die kapitaalgedeelte vir die terugbetalings sal met 5% afneem oor die volgende finansiële jaar.
- (xi) Totale dividende vir die jaar beloop R745 000.
- (xii) 'n Bedrag vir belasting is op 29 Februarie 2024 steeds ontvangbaar van die SAID.
- (xiii) Totale kapitaal aangewend op 29 Februarie 2024, nadat alle aansuiwerings in ag geneem is, beloop R16 176 000.

VRAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS**(40 punte; 30 minute)****JELlicoe BEPERK**

Die inligting het betrekking op Jellicoe Bpk. vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024.

GEVRA:

2.1 Voltooi die Gewone Aandelekapitaal Nota. (8)

2.2 Bereken die volgende bedrae vir die Kontantvloeistaat:

- Inkomstebelasting betaal (4)
- Dividende betaal (2)

2.3 Voltooi die volgende afdelings van die Kontantvloeistaat:

- Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite (7)
- Netto veranderinge in kontant en kontantekwivalente (4)

2.4 **Verwys na Inligting B**

Die HUB is bekommerd oor die verhoogde bedrag vir veranderinge in bedryfskapitaal. Identifiseer TWEE oorsake wat die veranderinge te weeg gebring het en gee EEN oplossing om elk van die bekommernisse aan te spreek. Toon syfers en tendense.

(4)

2.5 Bereken die volgende finansiële aanwysers:

- Netto batewaarde per aandeel (4)
- Dividende per aandeel (4)
- % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (3)

INLIGTING:

A. Uittreksel van die Staat van Finansiële Posisie op 29 Februarie 2024:

	2024 R		2023 R	
Voorraad	370 000	Dt	530 000	Kt
Handelsdebiteure	1 210 000		700 000	
SAID: Inkomstebelasting	46 000		93 600	
Kontant en kontantekwivalente	380 000		19 000	
Totale bates	10 371 600			
Gewone Aandelekapitaal (sien B hieronder)	?		5 320 000	
Totale laste	2 946 600			
Lening: NAPO Bank (sien E hieronder)	2 206 800		?	
Handelskrediteure	550 000		925 000	
Bankoortrekking	0		76 800	
Aandeelhouders vir dividende	189 000		0	

B. Aandele en dividende

Die maatskappy het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 2 800 000 gewone aandele.

1 Maart 2023	1 900 000 aandele is reeds uitgereik
31 Julie 2023	470 000 addisionele aandele is uitgereik
31 Oktober 2024	Aandele is teen R4 elk teruggekoop en die gemiddelde prys was R3,10 per aandeel. Hierdie aandele kwalifiseer nie vir finale dividende nie.
29 Februarie 2024	Slegs 75% van die aandele is uitgereik.

- Daar was geen finale dividende op 28 Februarie 2023 op die aandelereregister verklaar nie.
- Interim dividende van 12 sent per aandeel is op 30 Junie 2023 verklaar en betaal.
- Totale dividende vir die jaar beloop R417 000.

C. Inkomstebelasting

- Netto wins voor belasting R1 625 000.
- Netto wins na belasting R1 170 000.

D. Lening: NAPO Bank

Die leningstaat ontvang op 29 Februarie 2024 toon die volgende:

- Totale rente gekapitaliseer: R268 800
- Terugbetalings per maand insluitende rente: R56 900

E. Die gemiddelde aandeelhouersekwhiteit is R6 500 000.

VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE

(40 punte; 30 minute)

BUHLE BEPERK

GEVRA:

LET WEL: Verskaf syfers, neigings, finansiële aanwysers, of berekeninge in ELKE geval om jou kommentaar en verduidelikings te staaf.

Die inligting het betrekking op Buhle Bpk, 'n maatskappy wat IT-dienste en ondersteuning verskaf vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2024.

- 3.1 Kies 'n kategorie van aanwyser uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.3) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A	KOLOM B
3.1.1 Die vermoë van 'n onderneming om al sy skuld te delg deur bestaande bates te benut	A Opbrengs op ekwiteit B Risiko
3.1.2 Die voordeel wat aandeelhouers ontvang deur in 'n maatskappy te belê	C Solvensie D Hefboom
3.1.3 Opbrengs op totale kapitaal aangewend	

(3)

3.2 Winsgewendheid:

Aandeelhouers kla oor die onverantwoordelike prysverlagings gedurende die 2024 finansiële jaar. Die direkteure hou vol dat pryse baie belangrik is wanneer dit met mededingers vergelyk word. Regverdig die direkteure se besluit. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan.

(4)

3.3 Likiditeit:

Lewer kommentaar op die netto bedryfskapitaal van die maatskappy. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan.

(6)

3.4 Risiko en Hefboom:

Verduidelik hoe die uitreik van nuwe aandele die finansiële risiko en hefboom van Buhle Bpk. beïnvloed het. Haal TWEE finansiële aanwysers en syfers aan.

(6)

3.5 Aandeleprys en aandeelhouing: Verwys na Inligting C en D.

- Verduidelik waarom direkteure in die aandeleprys van hul maatskappy op die JEB moet belangstel. (2)
- Lewer kommentaar op die prys van die nuwe aandele wat in Februarie 2024 uitgereik is. Gee 'n rede waarom aandeelhouders nie met hierdie prys tevrede behoort te wees nie. Haal TWEE finansiële aanwysers en syfers aan om jou opinie te staaf. (5)
- 'n Meerderheidsaandeelhouer, F. Nxumalo, besit tans 1 272 000 aandele in Buhle Bpk. Hy oorweeg dit om van die aandele in die volgende finansiële jaar te verkoop, aangesien hy geld benodig om 'n nuwe motor te koop. Bereken die maksimum aantal aandele wat hy sal kan verkoop sonder om sy meerderheidsaandeelhouing prys te gee (aanvaar dat alle ander aandele onveranderd sal bly). (3)

3.6 Opbrengs, verdienste en dividende:

Die direkteure het die dividendbeleid vir die huidige finansiële jaar verander.

- Verduidelik hoe die maatskappy daarin geslaag het om die hoë dividende te finansier, sonder om die geleende fondse te gebruik, om die aandeelhouders gelukkig te hou. Verskaf EEN punt met syfers. (2)
- Verduidelik die verandering in die dividend uitbetalingskoers en gee 'n rede vir die verandering. Haal syfers aan. (3)
- Verduidelik of die aandeelhouders tevrede behoort te wees met die verdienste en opbrengs van die maatskappy. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (6)

INLIGTING:

A. Finansiële aanwysers bereken aan die einde van Februarie:

	2024	2023
Wins % bereik	45,0%	55,0%
% bruto wins op verkope	28,2%	20,1%
% bedryfsuitgawes op verkope	20,8%	17,8%
% netto wins op verkope	22,0%	16,3%
Bedryfsverhouding	3,6 : 1	1,8 : 1
Vuurproefverhouding	2,9 : 1	0,9 : 1
Debiteure-invorderingstydperk	58 dae	31 dae
Voorraadhoudingstydperk	78,9 dae	54,6 dae
Skuld-ekwiteitsverhouding	0,4 : 1	0,9 : 1
Verdienste per aandeel	200 sent	125 sent
Dividende per aandeel	160 sent	120 sent
Dividenduitbetalingskoers	80,0%	96,0%
% opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang	12,7%	10,3%
% opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend	16,9%	7,5%
Netto batewaarde per aandeel	1 841 sent	1 685 sent

B. Addisionele inligting soos aan die einde van Februarie:

	2024	2023
Markprys van aandele op die aandelebeurs	1 920 sent	1 540 sent
Rentekoers op lenings	7,2%	8,5%
Rentekoers op vaste deposito	5,5%	4,5%

C. Uitreik en terugkoop van aandele:

	AANTAL AANDELE
Aantal aandele op 1 Maart 2023 uitgereik	2 300 000
Aantal aandele op 31 Augustus 2023 teruggekoop	240 000
Aantal nuwe aandele op 29 Februarie 2024 uitgereik aan bestaande aandeelhouders teen 1 750 sent per aandeel. LET WEL: Aandele word in lotte van 100 verkoop.	340 000
Aantal aandele op 29 Februarie 2024 uitgereik	2 400 000

D. Uittreksel uit aandeelhouders se register:

F. Nxumalo is tans 'n meerderheidsaandeelhouer.

	F. NXUMALO
Aantal aandele in besit op 29 Februarie 2024	1 272 000
% aandeelhouding op 29 Februarie 2024	53%

VRAAG 4 : KORPORATIEWE BESTUUR

(15 punte; 15 minute)

'n Artikel rakende 'n interne ouditeur wat aan wanpraktyk skuldig bevind is, word aan jou voorgehou. Gebruik die inligting aangebied en jou kennis oor maatskappye om die vrae te beantwoord.

- 4.1 Die aandeelhouers van Ekurhuleni Bpk. sal nie tevrede wees met die auditverslae van die afgelope 5 jaar en onlangse bevindinge nie. Verduidelik wat 'n ongekwalifiseerde auditverslag is en waarom die aandeelhouers nie tevrede sal wees nie. (3)
- 4.2 **Oudit Waghond:**
'n Ouditeur dien as 'n waghond om verskeie belangrike funksies soos deursigtigheid, aanspreeklikheid en nakoming binne die maatskappy te verseker. Verduidelik TWEE sleutelfunksies van 'n ouditeur in die maatskappy. (4)
- 4.3 **Aandeelhouers se bekommernis en die maatskappy se reputasie:**
As 'n aandeelhouer, verduidelik TWEE kommerwekkende gevolge gebaseer op dié bevindinge in die artikel. (4)
- 4.4 Die HFB van Ekurhuleni Bpk. het beklemtoon dat die behoud van finansiële data-integriteit noodsaaklik is om akkurate verslaggewing en nakoming van voorskrifte van die maatskappy te verseker. Noem TWEE maatreëls wat kan help om die integriteit van die finansiële rekords van die maatskappy te verseker. (4)

INLIGTING:

Spoel en Herhaal: Die voortslepende sage van Ekurhuleni Bpk.

'n Interne ouditeur is skuldig bevind aan ernstige finansiële wangedrag, insluitend die wanbestuur van fondse en vervalsing van rekeningkundige rekords. Hierdie skokkende bevinding het die kwesbaarheid van ondernemings ten opsigte van interne bedrog uitgelok. Mnr. Gel, wat veronderstel was om die waghond te wees, het oneerlik teenoor die maatskappy opgetree. Ekurhuleni Bpk. het ongekwalifiseerde verslae ontvang, weens onakkurate finansiële verslagdoening.

Die individu wat vertrou is om finansiële integriteit te verseker, het daardie vertroue geskend deur fondse aan te bestee vir persoonlike gewin en het met die rekeningkundige boeke gepeuter om sy optrede te verberg. Hierdie skending het nie net die onderneming se finansiële stabiliteit ondermyn nie, maar ook die vertroue in bestuur vernietig. Om vertroue te herstel, sal 'n gesamentlike poging verg om deurgaans aanspreeklikheid en deursigtigheid in die finansiële sektor te bewerkstellig.

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Niebedryfslaste : Aandeelhoudersbelang
(Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (*Sien LET WEL 1 hieronder)	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (*Sien LET WEL 2 hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien LET WEL 3 hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhoudersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprijs per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	
LET WEL: - Handelsvoorraad aan die einde van die finansiële jaar kan gebruik word indien dit in die vraag verlang word. - Krediet aankope kan in plaas van koste van verkope gebruik word (syfers sal dieselfde wees indien voorraad kontant is). - Indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.	



GAUTENG PROVINCE

EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2024

10711

REKENINGKUNDE

VRAESTEL 1

ANTWOORDBOEK

10 bladsye

NAAM VAN SKOOL:

NAAM VAN LEERDER:

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	PUNTE BEHAAL
1	Maatskappy Finansiële State	55	
2	Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers	40	
3	Vertolking van Finansiële State	40	
4	Korporatiewe Bestuur	15	
TOTAAL		150	

VRAAG 1

1.1 Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024

Verkope	20 035 000
Koste van verkope	(11 409 700)
Bruto wins	8 625 300
Ander bedryfsinkomste	2 086 500
Oninbare skulde ingevorder	
Diverse inkomste	
Bruto bedryfsinkomste	10 711 800
Bedryfsuitgawes	
Versekering	
Waardevermindering	
Diverse uitgawes	
Bedryfswins	6 317 500
Rente inkomste	94 500
Wins voor rente uitgawe	6 412 000
Rente uitgawe	(162 000)
Wins voor inkomstebelasting	6 250 000
Inkomstebelasting	(1 750 000)
Netto wins na belasting	4 500 000

1.2 Staat van Financiële Posisie vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024

BATES	
NIE-BEDRYFSBATES	
Vaste bates	
BEDRYFSBATES	3 429 700
Handels en ander ontvangbares	
TOTALE BATES	
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE	
GEWONE AANDEELHOUBERSBELANG	
NIE-BEDRYFSLASTE	
BEDRYFSLASTE	
Handels en ander betaalbares	
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE	

33

TOTALE PUNTE

55

VRAAG 2

JELLICOE BEPERK

2.1 Gewone aandelekapitaalnota op 29 Februarie 2024

1 900 000	Gewone aandele aan die begin van die jaar	5 320 000

8

2.2

Bereken: Inkomstebelasting betaal	
BEWERKINGS	ANTWOORD

4

Bereken: Dividende betaal	
BEWERKINGS	ANTWOORD

2

2.3

KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIVITEITE	

7

NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE	

4

- 2.4 Die HUB is bekommerd oor die verhoogde bedrag vir veranderinge in bedryfskapitaal. Identifiseer TWEE oorsake wat die veranderinge te weeg gebring het en gee EEN oplossing om elk van die bekommernisse aan te spreek. Toon syfers en tendense.

BEKOMMERNIS	OPLOSSING

4

- 2.5 Bereken: Netto Batewaarde per aandeel

BEWERKINGS	ANTWOORD

4

Bereken: Dividende per aandeel

BEWERKINGS	ANTWOORD

4

Bereken: % opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang

BEWERKINGS	ANTWOORD

3

TOTALE PUNTE

40

VRAAG 3

BUHLE BPK.

3.1

3.1.1	
3.1.2	
3.1.3	

3

3.2

Aandeelhouders kla oor die onverantwoordelike prysverlagings gedurende die 2024 finansiële jaar. Die direkteure hou vol dat pryse baie belangrik is wanneer dit met mededingers vergelyk word. Regverdig die direkteure se besluit. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan.

--

4

3.3

Lewer kommentaar op die netto bedryfskapitaal van die maatskappy. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan.

--

6

3.4 Verduidelik hoe die uitreik van nuwe aandele die finansiële risiko en hefboom van Buhle Bpk. beïnvloed het. Haal TWEE finansiële aanwysers en syfers aan.

6

3.5 Verduidelik waarom direkteure in die aandeleprys van hul maatskappy op die JEB moet belangstel.

2

Lewer kommentaar op die prys van die nuwe aandele wat in Februarie 2024 uitgereik is. Gee 'n rede waarom aandeelhouders nie met hierdie prys tevrede behoort te wees nie. Haal TWEE finansiële aanwysers en syfers aan om jou opinie te staaf.

5

Bereken die maksimum aantal aandele wat F. Nxumalo sal kan verkoop sonder om sy meerderheidsaandeelhouding prys te gee (aanvaar dat alle ander aandele onveranderd sal bly).

BEWERKINGS	ANTWOORD

3

3.6

Verduidelik hoe die maatskappy daarin geslaag het om die hoë dividende te finansier sonder om die geleende fondse te gebruik, om aandeelhouders gelukkig te hou. Verskaf EEN punt met syfers.

--

2

Verduidelik die verandering in die dividend uitbetalingskoers en gee 'n rede vir die verandering. Haal syfers aan.

--

3

Verduidelik of die aandeelhouders tevrede behoort te wees met die verdienste en opbrengs van die maatskappy. Haal TWEE finansiële aanwysers aan

--

6

TOTALE PUNTE

40

VRAAG 4

4.1 Die aandeelhouers van Ekurhuleni Bpk. sal nie tevrede wees met die auditverslae van die afgelope 5 jaar en onlangse bevindinge nie.

Verduidelik wat 'n ongekwalfiseerde auditverslag is.

Verduidelik waarom die aandeelhouers nie tevrede sal wees nie.

3

4.2 Oudit Waghond

'n Ouditeur dien as 'n waghond om verskeie belangrike funksies soos deursigtigheid, aanspreeklikheid en nakoming binne die maatskappy te verseker. Verduidelik TWEE sleutelfunksies van 'n ouditeur in die maatskappy.

4

4.3 Aandeelhouders se bekommernis en die maatskappy se reputasie:

As 'n aandeelhouer, verduidelik TWEE kommerwekkende gevolge gebaseer op die bevindinge in die artikel.

4

4.4 Die HFB van Ekurhuleni Bpk. het beklemtoon dat die behoud van finansiële data-integriteit noodsaaklik is om akkurate verslaggewing en nakoming van voorskrifte van die maatskappy te verseker. Noem TWEE maatreëls wat kan help om die integriteit van die finansiële rekords van die maatskappy te verseker.

4

TOTALE PUNTE
15

TOTAAL: 150

EINDE



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2024

NASIENRIGLYNE

REKENINGKUNDE VRAESTEL 1 (10711)

11 bladsye

NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, sal strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing wees indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **Let wel:** As syfers aangedui word in die nasienriglyne vir komponente of bewerkings, dra hierdie syfers nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar dit getoon word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Waar strafpunte toegeken word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. Bewerking beteken 'kontroleer bewerking'. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. **LW:** Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ wees, of soos per nasienriglyne.
9. Een deel korrek beteken "bewerking en een deel korrek". Waar metodepunte toegeken word vir een deel korrek, moet die redelikheid van die antwoord deur die nasiener gekontroleer word en ten minste een deel moet korrek wees alvorens die punt toegeken word. Indien 'n syfer 'n metodepunt verdien het, moet dit as "een deel korrek" aanvaar word.
10. Bewerkings: Moet nie punte vir bewerkings toeken waar die teller & noemer omgeruil is nie. Dit is ook van

More Recourses



[Testpapers.co.za](https://www.testpapers.co.za)

[Exam Papers](#) / [Study Guides](#) / [Summaries](#) / [Tutoring](#)



[TestpapersPro.co.za](https://www.testpaperspro.co.za)

[Study Notes](#) / [Quizzes](#) / [Flashcards](#) / [Exam Questions](#)

VRAAG 1

1.1 Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024

Verkope	20 035 000	
Koste van verkope	(11 409 700)	
Bruto wins	8 625 300	
Ander bedryfsinkomste	2 086 500	
Oninbare skulde ingevorder		
Diverse inkomste		
Kommissie-inkomste 20 035 000 × 4/100) OF – 19 233 600	801 400	✓✓
Handelsvoorraad surplus sien donasies (982 400 ✓ – 64 000 ✓ – 923 200 ✓)	4 800	✓*\$
Huurinkomste [18 000 + 2 700] twee punte (258 300 ✓ – 20 700 ✓✓)	237 600	✓*
Bruto bedryfsinkomste	10 711 800	
Bedryfsuitgawes BBI – BW 11	(4 394 300)	✓#
Versekering		
Waardevermindering		
Diverse uitgawes		
Ouditfooie (69 720 ✓ + 34 860 ✓) OF + [69 720 × ½]	104 580	✓*
Donasies	64 000	✓✓
Skryfbehoeftes	58 520	✓
Voorsiening vir oninbare skulde aansuiwering	6 500	✓
Direkteursfooie (1 307 840 ✓ – 131 760 ✓✓)	1 176 080	✓*
11		
Bedryfswins	6 317 500	
Rente inkomste	94 500	
Wins voor rente uitgawe	6 412 000	
Rente uitgawe	162 000	
Wins voor inkomstebelasting	6 250 000	
Inkomstebelasting	(1 750 000)	
Netto wins na belasting	4 500 000	

Ignoreer hakies *een deel korrek

\$ indien as tekort getoon word, merk net die bewerkings en penaliseer op die antwoord

1.2 Staat van Finansiële Posisie vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024

BATES		
NIE-BEDRYFSBATES		
Vaste bates		
Vaste deposito 94 500 ✓ × [100/9 × 12/10] ✓ 3	1 260 000	✓*
BEDRYFSBATES	3 429 700	
Voorraad (923 200 ✓ + 9 780 ✓) [68 300 – 58 520]	932 980	✓*
Handels en ander ontvangbares vos dir.fooie oordrag SAID:IB (480 390 ✓ – 30 500 ✓✓ + 131 760 ✓ + 3 200 ✓ + 62 730 ✓✓) [1 812 730 – 1 750 000]	647 580	✓*
Kontant en kontantekwivalente balanserende syfer	1 849 140	✓
TOTALE BATES		
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE		
GEWONE AANDEELHOUBERSBELANG AHB – NBL (16 176 000 – 1 396 000)	14 780 000	✓✓
Gewone aandelekapitaal AHB – BI	13 741 520	✓
Behoue inkomste 4	1 038 480	✓
NIE-BEDRYFSLASTE	1 396 000	
Lening 228 000 drie punte 1 624 000 ✓ – (240 000 ✓✓ × 95% ✓) [402 000 – 162 000] – 12 000 Twee punte een punt 5	1 396 000	✓*
BEDRYFSLASTE	1 796 325	✓*
Handels en ander betaalbares oud. fooie huurink. oordrag (1 024 565 ✓ + 34 860 ✓ + 20 700 ✓ + 3 200 ✓)	1 083 325	✓*
Lopende deel van lening sien NBL	228 000	✓#
Aandeehouers vir dividende	485 000	✓✓#
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE 9		

33

*een deel korrek
kan ingesluit wees by die H&AB

TOTALE PUNTE
55

VRAAG 2

JELICOE BEPERK

2.1 Gewone aandeelkapitaalnota op 29 Februarie 2024

1 900 000	Gewone aandele aan die begin van die jaar	5 320 000
470 000 ✓	Nuwe aandele uitgereik balanserende syfer Moet terugkoop aftrek	2 027 000 ✓
(270 000) ✓	Terugkoop van aandele teen R3,10	(837 000) ✓ ☒ # een deel korrek moet nie 243 000 aanvaar nie
2 100 000 ✓✓	Aandele aan die einde van die jaar	6 510 000 ✓ Indien × R3,10 GAP

8

2.2 Bereken: Inkomstebelasting betaal	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$ \begin{array}{r} (1\,625\,000 - 1\,170\,000) \\ 93\,600 \checkmark + 455\,000 \checkmark + 46\,000 \checkmark \\ \text{OF } -93\,600 - 455\,000 - 46\,000 \\ \text{een punt een punt een punt} \end{array} $ Wees bedag op alternatiewe berekeninge soos grootboek rekeninge, of gebruik van hakies of omgekeerde tekens	594 600 ✓ een deel korrek ignorer hakies

4

Bereken: Dividende betaal	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$1\,900\,000 \times 12/100 \text{ OF } 417\,000 - 189\,000$	228 000 ✓✓

2

2.3 KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIVITEITE	533 000 ✓ een deel korrek
Opbrengs uit aandele uitgereik Sien 2.1 geen hakies	2 027 000 ✓
Fondse gebruik om aandele terug te koop $270\,000 \times R4 \text{ OF } (837\,000 + 243\,000)$ sien 2.1 270 000 × 0,90	(1 080 000) ✓ ☒ *
Verandering in lening $[56\,900 \times 12]$ $(682\,800 \checkmark - 268\,800 \checkmark)$ OF 2 620 800 een punt - 2 206 800 een punt	(414 000) ☒ *

7

NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE	437 800 ☒ *
Kontant en kontantekwivalente aan die begin	(57 800) ✓✓
Kontant en kontantekwivalente aan die einde	380 000 ✓

4

*een deel korrek

- 2.4 Die HUB is bekommerd oor die verhoogde bedrag vir veranderinge in bedryfskapitaal. Identifiseer TWEE oorsake wat die veranderinge te weeg gebring het en gee EEN oplossing om elk van die bekommernisse aan te spreek. Toon syfers en tendense.

BEKOMMERNIS ✓ ✓	OPLOSSING ✓ ✓
Debiteure vermeerder met R510 000	Bied korting aan vir voortydige betalings/Stuur aanmanings/Bepaal duidelike betalingsterme/hef boetes en laat betalings fooie vir stadige betalers
Krediteure verminder met R375 000	Heronderhandel betalings terme/Verander na 'n verskaffer met meer gunstige terme

4

- 2.5 Bereken: Netto Batewaarde per aandeel

BEWERKINGS	ANTWOORD
$\frac{7\,425\,000 \text{ twee punte} - 2\,946\,600 \checkmark}{2\,100\,000 \checkmark} \times 100$ sien 2.1	353,6 sent ☒ een deel korrek ignoreer sent

4

- Bereken: Dividende per aandeel

BEWERKINGS	ANTWOORD
$12c \checkmark + 9c \checkmark \checkmark$ [190 800/2 100 000 sien 2.1]	21c ☒ een deel korrek

4

- Bereken: % opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang

BEWERKINGS	ANTWOORD
$\frac{1\,170\,000 \checkmark}{6\,500\,000 \checkmark} \times \frac{100}{1}$	18% ☒ een deel korrek ignoreer teken

3

TOTALE PUNTE
40

VRAAG 3

BUHLE BPK

3.1	3.1.1	C (Solvensie)
	3.1.2	A (Opbrengs op ekwiteit)
	3.1.3	D (Hefboom)

3

3.2 Aandeelhouders kla oor die onverantwoordelike prysverlagings gedurende die 2024 finansiële jaar. Die direkteure hou vol dat pryse baie belangrik is wanneer dit met mededingers vergelyk word. Regverdig die direkteure se besluit. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan.

Finansiële aanwyser ✓ ✓ syfers en neiging ✓ ✓

- % Bruto wins op verkope verhoog (van 20,1%) tot 28,2% /met 40,3% / met 8,1% basispunte.
- % Netto wins op verkope verhoog (van 16,3%) tot 22,0% /met 35,0% / met 5,7% basispunte.

4

3.3 Lewer kommentaar op die netto bedryfskapitaal van die maatskappy. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan.

Finansiële aanwyser ✓ ✓ syfers en neiging ✓ ✓

Enige TWEE van die volgende

- Bedryfsverhouding verhoog/verswak (van 1,8 :1) tot 3,6 :1 / met 1,8 :1
- Vuurproefverhouding verhoog/verswak (van 0,9 :1) tot 2,9 :1 / met 2 :1
- Debiteure invorderingstydperk verhoog/verswak (van 31 dae) tot 58 dae /met 27 dae.
- Voorraadhoudingstydperk verhoog/verswak (van 54,6 dae) tot 78,9 dae /met 24,3 dae.

Kommentaar (kan in bogenoemde ingesluit wees) ✓✓

- Die maatskappy kan sukkel om die ontvangbares in kontant te omskakel en om voorraad effektief te bestuur.

VIR EEN PUNT:

- Buhle Bpk. sal sukkel om hul korttermyn skuld te delg
- Buhle Bpk. sal likiditeitsprobleme ervaar
- Buhle Bpk. het te veel voorraad op hande
- Buhle Bpk. bestuur nie hul bedryfskapitaal effektief nie

6

3.4

Verduidelik hoe die uitreik van nuwe aandele die finansiële risiko en hefboom van Buhle Bpk. beïnvloed het. Haal TWEE finansiële aanwysers en syfers aan.

Finansiële aanwyser ✓ ✓ syfers en neiging ✓ ✓ kommentaar ✓ ✓

Skuld ekwiteitsverhouding verbeter/verminder (van 0,9 :1) tot 0,4 :1 / met 0,5 :1

Kommentaar: Risiko het verminder/lae risiko.

OOTKA verbeter (van 7,5%) tot 16,9% / met 125,3 %/met 9,4% basispunte

Kommentaar: Die maatskappy is positief gerat/laag gerat aangesien

OOTKA hoër is as die rentekoers op lenings van (7,2%).

6

3.5

Verduidelik waarom direkteure in die aandeleprys van hul maatskappy op die JEB moet belangstel.

Enige EEN geldige kommentaar ✓✓

- Dit wys dat die publiek vertrou het in die maatskappy.
- Dit kan vergelyk word met ander maatskappye/'n eksterne aanwyser.
- Aandeelhouders sal kapitaalgroei op hul belegging wil hê.
- Direkteure sal beoordeel word op grond van die prestasie van aandele aangesien dit as die prestasie van die maatskappy sal reflekteer.
- Direkteure moet die MP monitor om te peil hoe hul besluite deur die mark ontvang word.
- 'n Hoër markprys kan die maatskappy se vermoë om beleggers te lok verbeter.
- Die aandeleprys beïnvloed die maatskappy se publieke beeld en reputasie.
- Aandeleprys neigings kan direkteure se strategiese besluite beïnvloed (wanneer om nuwe aandele uit te reik, aandele terug te koop of om uitbreidings geleenthede na te streef).

2

Lewer kommentaar op die prys van die nuwe aandele wat in Februarie 2024 uitgereik is. Gee 'n rede waarom aandeelhouders nie met hierdie prys tevrede behoort te wees nie. Haal TWEE finansiële aanwysers en syfers aan om jou opinie te staaf.

Vergelyk prys met NBW en MP ✓ ✓ met syfers ✓ ✓

- Die uitreikprys van nuwe aandele is 1 750 sent vergeleke met die MP van 1 920 sent per aandeel/verskil van 170 sent.
- Die uitreikprys van die nuwe aandele is ook laer as die NBW van 1 841 sent per aandeel/verskil van 91 sent.

Rede ✓ (kan in bogenoemde ingesluit wees)

- Die prys van die nuwe aandele is laer/minder as die markprys/NBW.
- Markverwante redes bv. die maatskappy verbeur addisionele fondse aangesien aandele teen 'n prys van ongeveer 1 841 sent per aandeel of op die aandelebeurs vir R578 000 meer verkoop kon word.

5

Bereken die maksimum aantal aandele wat hy sal kan verkoop sonder om sy meerderheidsaandeelhouding prys te gee (aanvaar dat alle ander aandele onveranderd sal bly).	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$2\,400\,000 \times 50\% = 1\,200\,000$ $1\,200\,000 + 100 = 1\,200\,100$ $1\,272\,000 \checkmark - 1\,200\,100 \checkmark$ OF $2\,400\,000 \times 51\% = 1\,224\,000$ $1\,272\,000 - 1\,224\,000$ een punt een punt OF $1\,272\,000 \times \frac{2}{53}$ een punt een punt	$71\,900 \checkmark$ aandele een deel korrek OF 48 000 aandele een m.punt

3

3.6

Verduidelik hoe die maatskappy daarin geslaag het om die hoë dividende te finansier sonder om die geleende fondse te gebruik, om aandeelhouers gelukkig te hou. Verskaf EEN punt met syfers.

deel punte vir gedeeltelik korrekte / onduidelike antwoord

- Die wins van 240 000 aandele teruggekoop sal tussen die bestaande aandeelhouers herverdeel word. ✓✓

Aanvaar die antwoord indien nie hierbo genoem nie

- 340 000 aandele uitgereik teen 'n gemiddelde prys van 1750 sent hoër as die markprys van 1 540.

2

Verduidelik die verandering in die dividend uitbetalingskoers en gee 'n rede vir die verandering. Haal syfers aan.

syfers en neiging ✓

- Die dividend uitbetalingskoers het afgeneem (van 96%) tot 80% / met 16,6% / met 16% punte.

Rede ✓✓ (kan in bogenoemde ingesluit wees)

- Die maatskappy het fondse behou vir toekomstige uitbreidings planne / verbetering van kontantvloei / gelykstelling van dividende vir die toekoms.

3

Verduidelik of die aandeelhouers tevrede behoort te wees met die verdienste en opbrengs van die maatskappy. Haal TWEE finansiële aanwysers aan

Finansiële aanwyser ✓ ✓ syfers en neiging ✓ ✓

- Die VPA verhoog (van 125%) tot 200% / met 62,5% / met 75% punte.
- Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang, verhoog (van 10,3%) tot 12,7 / met 23,3% / met 2,4% punte.

Kommentaar ✓✓ (kan in bogenoemde ingesluit wees)

- Aandeelhouers behoort tevrede te wees aangesien die opbrengs hoër is as alternatiewe beleggings (5,5%)
- Aandeelhouers mag tevrede wees omdat dit 'n aanduiding is dat die maatskappy meer wins per aandeel genereer en gevolglik die waarde van hul belegging verhoog.

6

TOTALE PUNTE

40

VRAAG 4

4.1 Die aandeelhouers van Ekurhuleni BPK sal nie tevrede wees met die auditverslae van die afgelope 5 jaar en onlangse bevindinge nie.

Verduidelik wat 'n ongekwalifiseerde auditverslag is ✓✓ **deelpunt vir**
onduidelike/gedeeltelik korrekte antwoord

'n Ongekwalifiseerde verslag toon dat die finansiële state van 'n maatskappy sonder foute is en dat die maatskappy se finansiële posisie redelik voorgestel is/ 'n Verslag wat toon dat dokumente deursigtig is en voldoen aan Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP).

Waarom die aandeelhouers nie tevrede sal wees nie. ✓

Die verslae is misleidend en dit sal die aandeelprys van die maatskappy beïnvloed.

3

4.2 Oudit Wagbond

'n Ouditeur dien as 'n wagbond om verskeie belangrike funksies soos deursigtigheid, aanspreeklikheid en nakoming binne die maatskappy te verseker. Verduidelik TWEE sleutelfunksies van 'n ouditeur in die maatskappy.

Enige geldige verduideliking ✓✓ ✓✓ **deelpunt vir onduidelike/gedeeltelik korrekte antwoord**

- Bespeur en voorkom bedrog binne die maatskappy deur finansiële transaksies en interne kontrole te assesser.
- Verifieer voldoening aan toepaslike regulasies en wette/Verseker dat rekeningkundige rekords opgestel word ooreenkomstig relevante rekeningkundige standaarde.
- Hulle bevorder interne kontrole en operasionele bevoegdheid om bestuurspraktyke te versterk.
- Hulle verseker die publiek, reguleerders en belanghebbendes dat die finansiële state betroubaar en akkuraat is.
- Hulle bevorder deursigtigheid en aanspreeklikheid binne die maatskappy.
- Hulle verminder die risiko van foute of bedrog an verbeter die algehele finansiële bestuur.
- Hulle identifiseer areas waar kontroles ontbreek en doen voorstelle hoe om risiko's te beperk.
- Hulle verskaf 'n audit mening oor of die finansiële state sonder wanvoorstelling is en of dit 'n ware en regverdige weergawe van die maatskappy se finansiële resultate en posisie is.

4

4.3 Aandeelhouders se bekommernis en die maatskappy se reputasie:

As 'n aandeelhouer, verduidelik TWEE kommerwekkende gevolge gebaseer op die bevindinge in die artikel.

Enige geldige verduideliking ✓✓ ✓✓ deelpunt vir onduidelike/gedeeltelik korrekte antwoord

- Hulle sal vertroue in die maatskappy se bestuur en hul finansiële verslagdoening verloor.
- Die invloed op die finansiële verliese/Regsgedinge van ander partye wat finansiële skade gelei het as gevolg van die skandaal/Betaal van boetes wat deur die reguleringsowerhede gehef is.
- Die reputasie/beeld van die maatskappy sal skade lei en dit sal moeilik wees om klante en potensiele beleggers in die toekoms te lok.
- Senior bestuur mag bedank wat die maatskappy se leierskap, kontinuïteit en beleggersvertroue sal skaad.

4

4.4 Die HFB van Ekurhuleni Bpk. het beklemtoon dat die behoud van finansiële data integriteit noodsaaklik is om akkurate verslaggewing en nakoming van voorskrifte van die maatskappy te verseker. Noem TWEE maatreëls wat kan help om die integriteit van die finansiële rekords van die maatskappy te verseker.

Enige geldige verduideliking ✓✓ ✓✓ deelpunt vir onduidelike/gedeeltelik korrekte antwoord

- Vasstelling van duidelike beleid en prosedures.
- Gereelde monitoring en kontrolering van finansiële data.
- Implementering van effektiewe interne kontrolemaatreëls en beveiliging om dataverliese en bedrog te voorkom/(verdeling van pligte/magtigingsvlakke/rekonsiliasie prosesse/herwinningstelsels).
- Gebruik van betroubare en geïntegreerde sagtewaaarde sisteme.
- Gereelde opleiding en onderrig van werknemers.

4

TOTALE PUNTE
15

TOTAAL: 150